# KOERSVAS

Jaargang 9 Uitgawe 184 13 November 2020




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

**REDAKSIONEEL**

**Lydelike verset (2)**

Ons kyk as volk graag terug op ʼn roemryke verlede. Ons wys graag op verskeie hoogtepunte in ons volksgeskiedenis en ons eer ons voorgeslagte vir hulle geloof, deursettingsvermoë, hardwerkendheid en ook hulle wil om ‘n vrye volk in ʼn eie land te wees. Die wil om ʼn vrye volk te wees het egter teen ʼn hoë prys gekom. Verset teen vreemde oorheersing was ʼn integrale deel daarvan. Daardie verset het selfs met gewapende geweld gepaard gegaan. Heel ironies is dit juis daardie dele van ons geskiedenis wat ons graag ophaal om hulde aan ons voorouers te bring. Dit is juis in daardie tye van opoffering en lewensverlies in belang van die volk dat helde gevorm is, hulle wie se heldedade ons steeds koester omdat dit die voortbestaan van ons volk verseker het. Ironies genoeg moet daardie heldedade - wat te midde van gewelddadige verset plaasgevind het- volgens sekere mense se uitleg van gedeeltes soos Romeine 13 en ʼn sekere perspektief op Calvyn se siening van verset, na regte as sondig en onaanvaarbaar afgemaak word.

Miskien plaas sekere opmerkings van dr. Albert Hertzog wat hy tydens sy sogenaamde “Calvinistiese toespraak” op 14 April 1969 in die Volksraad gemaak het, verdere perspektief op hierdie saak. In sy toespraak het hy gesê dat die Calvinistiese Afrikaner hom moet en sal onderwerp aan gesag in soverre as wat daardie gesag regskape en regverdig uitgeoefen word. Wanneer gesag egter in dwingelandy verander, het die Calvinistiese Afrikaner hom daarteen verset en dit verwerp. Volgens dr. Hertzog was daardie eienskap en oortuiging die waarborg vir die Afrikaner se voortbestaan in donker Afrika.

Daaruit sou 'n mens kan aflei dat ons as volk, was dit nie vir ons voorouers se verset - ja soms gewelddadig - teen die dwingelandy van byvoorbeeld die Britte nie, waarskynlik nie meer vandag as afsonderlike volk met ʼn eie identiteit sou bestaan het nie.

Ek glo die meeste volksgenote is dit eens: ons volk verkeer nou in ʼn oorlewingskrisis soos dalk nog nooit tevore nie. Ek glo ook dat die meeste volksgenote waarskynlik sal saamstem dat die huidige owerheid eerder ons volk se ondergang as ons welwese in die oog het. Die vraag is dan: wat staan ons nou te doen? Die eenvoudige waarheid: as

ons as volk, en selfs as individue wil oorleef, sal ons nou iets moet doen. Bedoelende, ons sal werkbare en verantwoordbare vorme van lydelike verset moet ondersoek en begin toepas, en nie net daaroor praat nie.
Kom ons wees eerlik met mekaar: alhoewel waarskynlik die meeste volksgenote politieke deelname aan die huidige politieke bestel as ŉ manier sien om ons bestaan te verseker, hierdie bestel allermins ŉ waarborg daarvoor is. Daar is diegene wat van mening is dat ons juis uit die bestel moet kom om ons toekoms buite die bestel te bestendig.
Mnr. Andries Breytenbach, voorsitter van die Boere-Afrikaner Volksraad, se opmerkings in ŉ plasing op die Facebookblad van die Boere-Afrikaner Volksraad, gedateer 1 November 2020, verdien as ŉ alternatief, en as wettige vorm van lydelike verset, in hierdie opsig aandag: "... *sien ons onsself as ŉ selfstandige volk wat onsself in ons eie soewereine staat wil regeer (die oorspronklike Voortrekkerideaal), of aanvaar ons dat ons slegs ŉ onderdeel van ŉ groter nasie is aan wie ons vir altyd onderhorig sal wees*?"
Mnr Breytenbach gaan voort: "*Die huidige politieke bestel is berekend ontwerp om ons volk in ŉ posisie van onderhorigheid te hou en ons mettertyd as volk te laat verdwyn deur bloedvermenging, emigrasie, fisiese geweld en onderdrukking van ons taal en kultuur. Ons kan slegs daaraan ontsnap deur onsself in ons eie land te regeer, en die voorvereiste daarvoor is vernietiging van die huidige grondwetlike bestel. Deelname aan die bestel in die hoop dat ons daardeur op een of ander wyse ons vryheid kan verkry, is wensdenkery. Dit is tog onlogies en ondenkbaar dat die bestel wat geskep is om ons te vernietig, aan ons volk vryheid sal gee om te leef en op te bloei. Om aan die bestel te wil ontsnap maar tegelykertyd daaraan deel te neem, is net so onhaalbaar soos ŉ persoon wat aan drankverslawing wil ontkom terwyl hy voortgaan om gereeld sy dop te drink.*"
In aansluiting by gemelde standpunt soos deur mnr. Breytenbach verwoord, is daar diegene wat onttrekking van die bestel as ŉ eerste en dalk belangrikste vorm van lydelike verset sien. Wat sommige as ŉ probleem sien, is dat daar nie ŉ alternatief vir deelname aan die bestel is nie. Mnr. Breytenbach en andere sien die strewe na en verkryging van selfstandigheid in ŉ eie soewereine staat as die alternatief.
Verskeie volksgenote sien ook die huidige onderwysstelsel as ŉ probleem, deurdat ons volk se kinders deur veral ŉ volksvyandige weergawe van geskiedenis en blootstelling aan ŉ kurrikulum waar alle godsdienste gelykgestel word, geïndoktrineer word om skaam te wees vir hulle verlede en volkwees, en om te aanvaar dat Jesus nie die enigste Weg en Waarheid en Lewe is nie. As vorm van wettige verset word die daarstel en ondersteuning van Volkskole, soos (as voorbeeld) Christelike Volkseie Onderwys (CVO), voorgestel.
Daar mag nog vele voorbeelde van moontlike vorme van lydelike verset wees waaraan ek nie nou aandag gee nie, soos die weerhouding van munisipale belastings waaroor andere ook al baie geskryf het. Ek het bloot, ter wille daarvan om denke te stimuleer en in beweging te bring, gewys op gedagtes wat reeds moontlike vorme van verantwoordbare en wettige verset ten opsigte van byvoorbeeld die politiek en onderwys, as alternatief daarstel.

Afsluitend: dit staan soos 'n paal bo water dat iets gedoen moet word. Uiteraard is ons geloof en vertroue in God, dat Hy die beste vir ons as gelowiges en ook as volk weet, primêr in ons hoop en beplanning. As volk moet ons eerstens terugkeer na God en Sy Woord. En dan, volgens Calvyn se uiteensetting, moet ons leiers binne 'n verteenwoordigende volksliggaam, soos as voorbeeld die verkose Boere-Afrikaner Volksraad, opstaan en namens ons volk optree ten einde ons welwese te bevorder en ons goed en bloed te beskerm.

Ds Faan Visser
Oostelike Pietersburg

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### HOFSAAK

Die hofsaak oor die geskeide geskilpunt (eiendomme) is uitgestel tot die laaste week in Maart 2021. By daardie geleentheid sal daar eers oor die punt *in limine* beslis word en dan (indien nodig) sal die bestek van die geskeide geskilpunt hanteer word.
*In Limine* is 'n regsterm wat uit Latyn vertaal kan word na "op die drempel". Dit is 'n regspunt wat eers beredeneer moet word alvorens die hofsaak in alle erns kan begin. Al het advokaat Du Plessis al by meer as een geleentheid die punt probeer stel, gaan die hof hom nou vir die eerste keer toelaat om die saak te beredeneer. In kort word die bewering gemaak dat die Litigasie komitee nie "*locus standi*" (regsbevoegdheid) het om die saak aan te voer nie. Indien toegegee, verval die hele saak van die NHKA.

### VERSOENING

U het in die vorige uitgawe die versoek tot versoening gelees, 'n versoek wat van harte gemaak is, voordat die hofsaak begin het. Ons het die volgende reaksies ontvang:

*Hallo Johan,*
*Dankie, vir jou e-pos en die gees waarin jy dit skryf. Daar is twee berge wat tussen ons staan. Die eerste is die feit dat die GHG alle lidmate van die NHKA tot ketters verklaar het. Tweedens weet jy net so goed soos ek dat alhoewel 'n kerkgebou aan 'n gemeente behoort die hele Kerk 'n belang in so 'n gebou het. As 'n gemeente die Kerk verlaat, hulle nie sommer die gebou kan vat nie. Alle predikante het dit op Universiteit geleer.*
*Ek sal jou e-pos aan die Kommissie van die AKV voorlê, maar ek is nie optimisties oor 'n skikking op die basis wat jy voorstel nie. Dat hierdie saak vir almal pyn en lyding beteken stem ek met jou saam. Mag God ons almal genadig wees.*
*Die Kommissie van die AKV het onderneem om amptelik via die Sekretaris van die Kommissie van die AKV, dr. Wouter van Wyk op jou skrywe aan die Kommissie te reageer.*
*Groete,*
*Dr Frikkie Labuschagne*
*Algemene Sekretaris: NHKA*

*-0-0-0-0-*

*Naand Johan,*
*Die Kommissie van die AKV het kennis geneem van jou versoek om die hofsaak tussen die GHG en NHKA te laat vaar. Die Kommissie stem nie noodwendig met jou uiteensetting van sake saam nie. Verskeie sake, waaronder die kwessie van eiendomsvervreemding, staan tussen ons.*
*Beste wense,*
*Dr Wouter van Wyk (VDM)*

*Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering*


**BONDSVERGADERING**

Die Agenda is aan gemeentes versend. Kerkrade moet hulle van die inhoud vergewis en dan na vergadering 'n besluit neem aangaande die oudit-verslag. Volgende jaar se vergadering is DV volle vergadering by Stilfontein gemeente.

U reaksies moet nou so spoedig moontlik aangestuur word.

**KOMMENTAAR OP DIE NGB**

Die kommentaar op die Nederlandse Geloofsbelydenis wat in Die Skietlood verskyn het, is verwerk en in 'n boek saamgestel. Hierdie publikasie is nou beskikbaar @R240 per boek. WhatsApp Yvette 072-223-7522




**FUNDAMENTALISME**

*Ds Rita van Antwerpen het die volgende artikel aangestuur met die aanbeveling dat dit baie se oë sal oopmaak. Ons plaas dit hier met die nodige erkenning in die hoop dat lesers dit sal geniet.*

Die Kerkpad

"Laat ons wandel in die lig van die Here" (Jesaja 2: 3 - 5)

Jaargang 6 No 1 Januarie 2002

Fundamentalisme: Naam of brandmerk?

Prof dr A van Deursen

Oorspronklike artikel uit die pen van prof Van Deursen (Nederland) geneem uit *"De Eeuw in ons Hart: Negenentwintig opstellen over geschiedschrijving en geschiedbeleving (Franeker: Van Wijnen 1991 - pp 218-221*). Vertaal en van 'n inleiding voorsien deur Slabbert Le Cornu in: Esra Verslag, Jaargang 9 nr. 49, November - Desember 2001, bl. 71 - 74.

<u>*Inleiding (Slabbert Le Cornu)*</u>*:*

*Mnr Kader Asmal, minister van onderwys, het op 7 November 2001, uitgevaar teen wat hy noem "fundamentaliste, veral Christen-fundamentaliste", wat volgens hom, waardes soos verdraagsaamheid en respek in die hersiene onderwys kurrikulum teenstaan. Dit wil voorkom asof woord-etikette oftewel brandmerke soos: 'fundamentalis', 'biblisis', 'wettisis', 'nasionalis', en watter iets daar ook mag wees, 'n belangrike retoriese tegniek geword het om mee vandag in debat te gaan, om sodoende die anderkant se saak aan iets sogenaamd 'skeef of gevaarlik' te koppel, en hom dan in daardie negatiewe lig te beoordeel. Vir die onkundige of lui hoorder of leser, wie se enigste bron van kennis net die TV, koerante en die Huisgenoot is, is die koppeling wat gemaak word, dan reeds genoegsame 'bewys' om niks met daardie persoon, beweging of kerke doen te wil hê nie. Sodoende word daar baiemaal nie eers moeite gedoen met die inhoud van argumente nie, nee, die ideologies gelaaide etiket of smeulende brandmerk verseël die saak as afgehandel: ons weet nou duidelik wie vriend of vyand is! Met die publikasie van hierdie artikel van dr Van Deursen, is dit nou nie die doel om op die verskynsel van 'fundamentalisme' of*

*enige andere -isme op sigself in te gaan nie, maar om die leser se aandag te vestig op die sofistiese retoriek wat baie maal ingespan word met die gebruik of misbruik van sekere woorde in 'n debat. Ons stel vir dr Van Deursen(vertaal in Afrikaans) aan die woord:*

Nuwe woorde

Nuwe woorde kom meesal ongemerk ons taal binne. Jy weet nie wanneer jy dit die eerste keer gehoor het nie, maar plotseling is dit daar, die houdings, die beelde, die trendvolgers. Soms is die nuwe woord nodig om iets te benoem wat vroeër nie bestaan het nie, soos die 'chip' en die 'CD'. Maar dit gebeur ook wel dat so 'n woord geen nuwe begrip in die taal invoer nie, tog alleen bedoel is om ons oordeel (*siening of interpretasie - SLC*) oor 'n bestaande begrip te verander. Dan is daar ook nuwe woorde wat juis die teendeel beoog. Dit wil sê dat die saak of die begrip waarvoor daardie woord gebruik word, iets bedenklik is, waarmee die beskaafde Nederlander hom nie mee moet inlaat nie. So 'n woord is fundamentalisme. Ek herinner my nog wanneer ek daardie woord die eerste keer gehoor het. Dit was in 1953, op 'n internasionale kongres van Calviniste. Die enigstes wat hierdie term gebruik het, was die Amerikaanse deelnemers, en hulle het daarmee bedoel iets wat alleen in hulle land bestaan. Hulle het dit nie baie duidelik omskryf nie. Die hoofkenmerk van fundamentaliste blyk wel te wees dat hulle nie rook nie. Hulle wys ook Skrifkritiek af, maar dit kon geen ware kenmerk wees nie, want dit doen ons almal wat op die kongres was, terwyl tog niemand van die aanwesiges hulleself fundamentaliste noem nie. Later het ek begryp dat die rokery niks en tog weer baie daarmee te maak het. Niks, omdat dit by die fundamentaliste in die eerste plek gaan om die handhawing van die Skrifgesag: baie, omdat die Amerikaanse fundamentalisme dikwels sy krag soek in bysake wat tot hoofsake gemaak word. Daarom het die woord fundamentalisme byklanke van beperktheid, van anti- intellektualisme, van twyfelagtige regsinnigheid. Daar blyk geen rede te bestaan om hierdie term oor te neem vir Nederlandse gebruik nie. Ouer woorde soos ortodoks en gereformeerd was duidelik genoeg.

'n Ongevraagde geskenk van die wetenskap

Tog het die woord ook hier in die sestiger jare opgeduik, as 'n ongevraagde geskenk van die wetenskap. Wetenskap besorg ons wel gereeld met sulke verrassings. Veral die teologie is goed daarin, en hulle dra ook baiemaal die eerste verantwoordelikheid daarvoor. In die (sinodaal) Gereformeerde Kerke in Nederland kry die teoloë nuwe opvattings oor die gesag van die Skrif. So 'n opvatting moet dan 'n naam hê, en jy het natuurlik die duidelikheid die beste deur 'n geheel nuwe naam uit te dink. Dit doen hierdie teoloë nie. Hulle bly hulself gereformeerd noem, asof daar geen verskil was met Bavinck of met Calvyn nie. Maar vir hulle wat nie van mening verander het nie, en werklik eens met Bavinck en Calvyn gebly het, voer hulle 'n nuwe naam in; hulle is nou die fundamentaliste. Dit is nie die eerste keer in die geskiedenis dat so 'n kunsgreep toegepas word nie. Ook in die agttiende eeu het 'n nuwe teologie in die kerke opgekom, en ook hulle kies 'n naam uit vir hulle wat aan die ou teologie vashou; dit was die dwepers. Dit klink heelwat onvriendeliker as fundamentaliste, en roep nog direkter die gedagte van fanatisme en bekrompenheid na vore. Maar die woorde is van dieselfde familie en het ook dieselfde

bedoeling. Dit wil wys op 'n gebrek aan kwaliteit. Dit etiketteer nie net nie, maar spreek veral ook 'n veroordeling uit. Het ons dit nou nie oor so iets ernstigs nie, sou ek sê dat ons hier met 'n skeldnaam te doen het; jy noem iemand anders 'n naam wat hyself nie gekies het nie, om daardeur te wil aanwys wat hom makeer. Dit is nie te erg om met 'n skeldnaam saam te leef nie. Dit is ook seker geen skande om te staan op die Fondament nie. Die smaad van die naam is nie te swaar om te dra nie. Maar dit is ook nie ongevaarlik nie. Die geskiedenis kan ons vertel hoe dit die dwepers laat vergaan het. Toe dit in die Afskeiding van 1834 (in Nederland) tot 'n volslae breuk tussen die ou en die nuwe teologie gekom het, moes die dwepers nie maar net die Hervormde Kerk verlaat het nie, maar van hulle het ook die gevangenisse ingegaan. Dit is onder andere te wyte aan die etiket wat hulle gedra het. Ons moet ons nie vergis oor 1834 nie! Wat daar plaasgevind het is ongelooflik. In 'n beskaafde land, wat al eeue lank trots op sy verdraagsaamheid was, het mense gevangenis toe gegaan vir so iets onskuldig soos om godsdiensoefeninge te hou.

<u>Onverdraagsaamheid van die "verdraag - sames"</u>

Hoe kon dit nou gebeur? Dit kon, omdat mense jare lank dwepers genoem is. Alleen die woord al, gee dan duidelik aan dat hulle nie deug nie. Mense wys dit af, sien dit as iets agterlik en gevaarlik. Daar was geen belangriker bewys nodig nie; die stigma was genoeg. Met die vervolging van sulke dwepers het die publieke opinie geen moeite nie. Kan ons in hierdie tyd dieselfde ten aansien van die fundamentalisme sê? Is dié se posisie vergelykbaar met die van die dwepers aan die begin van die 19e eeu? Daar is ooreenkomste en verskille.

Die ooreenkoms is dat in beide gevalle dit die teoloë was wat die aanval geloods het. Moderne teologie is bereid om alles te verdra. Verskille tussen kerke het geen betekenis meer nie, en selfs verskille tussen godsdienste is nie meer van wesenlike belang nie. Jupiter, Wodan en Baäl is name van een en dieselfde Opperwese. Maar onverdraagsaam is die sogenaamde fundamentalisme. Fundamentalisme, soos ek eens in 'n boek van 'n Nederlandse (sinodaal) gereformeerde predikante lees, gee 'n valse getuienis oor die Heilige Skrif, en is dus sonde teen die negende gebod. So 'n uitspraak vind ek skrikwekkend, tog is dit wel kenmerkend vir die afkeer wat die term fundamentalisme by die moderne teoloë wek. In koerante wat hierdie teologie ondersteun, word die fundamentalisme ook week vir week bestry.

Die sogenaamde fundamentalisme mag daarin nie meer eers self aan die woord kom nie, behalwe in betaalde familie-advertensies. Maar bestryding is nie die ergste nie. Dit is selfs nuttig, as dit help om die verskille duideliker aan die kaak te stel. Dit word bedenklik wanneer daar, omdat ons gearriveer het, nie meer sprake van bestryding is nie. Dat fundamentalisme nie deug nie, so word geredeneer, kan elkeen langsamerhand uitvind. Waarop dit nou neerkom, is om die fundamentaliste op te voed. Laat my 'n kontemporêre teoloog as getuie inroep. "In 'n moderne beskawing moet ook godsdienste wat profetiese ideale verkondig van fanatisme en fundamentalisme bewaar word", aldus Walter Goddijn in die (Nederlandse) NRC/ Handelsblad van 8 Maart 1989. Goddijn praat hier van godsdienste in die

meervoud, want sy woorde het ook betrekking op die Jodedom en die Islam. Hiermee kom ons dan by die groot verskil tussen die negentiende eeuse dwepers en twintigste eeuse fundamentaliste. Die eerste was uitsluitend 'n variasie van die Christendom, die tweede kom in alle godsdienste voor, of selfs ook in alle politieke strominge. Hierdie woordgebruik is taamlik nuut, nie ouer as die jare tagtig van hierdie eeu (die twintigste eeu) nie, maar dit het onuitroeibaar geword.

Betekenisverandering


Die woord fundamentalisme het daarmee 'n ander betekenis gekry. Dit verwys nie alleen na 'n klassiek gereformeerde Skrifbeskouing nie, maar het betrekking op alle moontlike godsdienstige en politieke oortuigings. Daar is Protestante- en Rooms-Katolieke-, maar ook Islamitiese- en Marxistiese fundamentaliste. Wat hul met mekaar in gemeen het, is hul onverdraagsaamheid. Fundamentalisme is dan niks meer as 'n ander woord vir fanatisme nie. Dit is woorde wat gebruik word vir vliegtuigkapers, vir bomplanters, vir alle moontlike soorte van terrorisme; en ook vir Christene wat sê dat die Bybel die Woord van God is en wat dus sê dat ons volgens die Bybelse gebod moet lewe. Noem jy al hierdie mense fundamentaliste, dan is die beroep op God se gebod by voorbaat van sy krag ontneem. Na fundamentaliste hoef jy nie te luister nie. Sê Walter Goddijn dan nie dat alle godsdienste van fundamentalisme bewaar moet word nie? Die fundamentalis mag aan die diskussie nie meedoen nie. Die naam het sy brandmerk geword. Daarom is die gebruik van die woord meer as onsuiwer en onnoukeurig. Natuurlik kan so 'n woord nie deug, as dit geen onderskeid tref tussen Khomeini en (die Nederlandse reformator van die Afskeiding) Hendrik de Cock nie, en wanneer dit net so goed gebruik kan word vir Libanese terroriste en vir Nederlandse Calviniste [... en byvoorbeeld vir fariseërs en teonomiste ... vir Anabaptistiese individualisme en vir gereformeerde tuisskolers ... vir wettisisme/legalisme en vir gereformeerde voorstanders van die regulerende beginsel ... vir Nazi's/Israelvisie en vir gereformeerde Afrikaners ... vir Hitler en vir Totius, ensovoorts -SLC].

So 'n woord is daarom ontoereikend, dat dit om daardie rede uit die taal moet verdwyn. Word dit wel gehandhaaf, dan is dit nie ongevaarlik nie. Dan sal die gelykstelling van hierdie vorme van 'fundamentalisme' veroordeling en verwerping kragtig bevorder. Wie dit wil, moet dit maar duidelik sê, en dan liewers in onbedekte terme. Wie dit nie wil nie, moet die woord daarenteen ongebruik uitlos. 'n Naam behoort geen etiket of brandmerk te wees nie.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
  ella@teamworkprinters.com


DIE NEDERLANDSE
GELOOFSBELYDENIS
FOEDERATUM BELGIUM
ORTHODOXUM;
CONFESSIONIS
ECCLESIARUM BELGI-
CARUM
EXEGESIS.
AUTHORE
SAMVELE MARESIO
GRONINGÆ,
Apud JOANNEM NICOLAUM,
Anno CIƆ IƆC LII.
TEOLOGIESE BAKERMAT VAN DIE
REFORMASIE: 'N KOMMENTAAR
Dr JOHAN OTTO